HOËRSKOOL SWELLENDAM

NUUSBRIEF
JUNIE 2019

Beste Ouers

Die eerste helfte van die jaar het verbygevlieg! Baie dankie aan die personeel, ouers, leerders en borge vir jul positiewe insette gedurende die kwartaal. ‘n Groot dankie ook aan die SBL, koshuiskomitee en ouerkomitee vir al jul harde werk. Ons waardeer dit opreg! Rus lekker die vakansie en dan skud ons vere reg vir ‘n opwindende en besige derde kwartaal wat vir ons voorlê!

AKADEMIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat die top–presteerders in hul onderskeie grade is:

GRAAD 12	
1	Yvette Boshoff
2	Emily Gugel
3	Lianne Steyn
4	Maria Gugel
5	Maret Swart
6	Amy Hugo
7	Franco Munnik
8	Jana Muller
9	Mia Groenwald
10	Violet-Ann Strauss
11	Jaydin Agus
12	Jade du Plessis
	Eliska Pienaar

GRAAD 11		GRAAD 10	
1	Wilfred Sefoor	1	Eslé le Roux
2	Carlin-Lee Stewart	2	Nimya Venter
	Hennie van Deventer	3	Klara van Niekerk
4	Mari Koegelenberg	4	Anke van der Straeten
5	Megan van der Westhuizen	5	Marenelle van Zyl
6	Cobus du Toit	6	Amy Coetzee
7	Alice Mbatyazwa	7	Anmari Bruwer
8	Jacques Carolus	8	Kira Groenewald
9	Lizelle Arlow	9	Nicolette Jacobsz
	Chanelle van Antwerpen		Rianette Swart
11	Kayla Baartman	11	Hanli Franken
12	Ké-Andra Gaffley	12	Deidré Grobbelaar

GRAAD 9		GRAAD 8	
1	Anné van Zyl	1	Jan-Hendrik Engelbrecht
2	Litha Schutte		Coenraad van Niekerk
3	Liané de Jager	3	Max Tomlinson
4	Nicola Groenewald	4	Cara du Toit
	Ruben Marè	5	Julindie van Brakel
6	Inge Swart	6	Eben Kruger
7	Paul Jordaan	7	Kaywin Baartman
8	Nina Houterman	8	Jacques Jordaan
9	Jozé Syfers	9	Karla van Wyk
10	Mieke Botes	10	Andrea Boshoff
11	Luke Nellisen	11	Christiaan Kloppers
12	Alexandra Thompson	12	Zia Thomas

PERSONEEL

Dit is met groot hartseer dat ons aan die einde van die tweede kwartaal, finaal afskeid neem van ons opsigter, mnr. Christie Steyn. Mnr. Steyn was vir 41 jaar verbonde aan Hoërskool Swellendam.
Ons wil van die geleentheid gebruik maak om vir mnr. Steyn te loof vir sy diens hier aan Hoërskool Swellendam. Mnr. Steyn het alles gedurende die 41 jaar voluit gedoen. Dankie vir die geduld met ons en elke leerder. Dankie vir weet-waar-alles-is. Dankie vir hulp en raad met alles en elke leerder. Lekker rus. Ons sal jou hele mens-wees mis… elke dag!
Ons verwelkom vir mnr. Andre Pekeur wat by ons aansluit as die opvolger in mnr. Steyn se plek. Ons hoop dat mnr. Pekeur gelukkig sal wees by Hoërskool Swellendam.
Ons groet ook aan die einde van die kwartaal vir mnr. Piet du Toit. Mnr. Du Toit tree af op 30 Junie 2019. Ons wil spesiaal aan mnr. Du Toit baie dankie sê vir die tyd wat hy verbonde was aan Hoërskool Swellendam. Hy het ‘n verskil in baie van ons leerders se lewens gemaak en as Departementshoof ‘n groot bydrae gelewer tot vele suksesse by ons skool. Ons wens mnr. Du Toit ‘n gelukkige aftrede toe en weet dat hy en sy familie die rustyd ook baie gaan geniet.
Mnr. Du Toit het Geografie vir sy leerders laat leef. Op sy rustige manier was hy ‘n onderwyser na wie almal kon opkyk. Ons gaan die professionele manier waarop hy dinge hanteer het, asook sy teenwoordigheid mis!
Mnr. Johan de Jager het tydelik in mnr. Du Toit se plek afgelos vir die eerste twee kwartale. Ons wil ook aan mnr. De Jager baie dankie sê vir sy hulp. Ons weet dat dit vir hom ‘n groot opoffering was om vir die twee kwartale hier by ons te kom aflos. Ons is baie dankbaar vir sy hulp en wens hom alle sterkte en voorspoed toe.
Mnr. Du Toit se pos is geadverteer. Onderhoude het alreeds plaasgevind. Nominasies vir die Geografiepos is alreeds aan WKOD deurgee. Op dié stadium wag ons dat WKOD die aanstelling moet bekragtig. Ons is vol hoop dat die nuwe Departementshoof en Geografie-opvoeder met die ingang van die vierde kwartaal kan aansluit by Hoërskool Swellendam.
Intussen gaan ons vir die derde kwartaal ‘n interne skuif maak om die Geografie te akkommodeer.
Mnr. Johann van Deventer het ingestem om Geografie vir alle grade vir die derde kwartaal aan te bied. Mev. Retha Janse van Rensburg gaan weer instaan en mnr. Van Deventer se Afrikaans aanbied vir die derde kwartaal.
Dit is met groot hartseer dat ons moes afskeid neem van mnr. Jandré Olivier. Mnr. Olivier se heengaan was skielik en totaal onverwags. As opvoeder, het hy ‘n groot verskil gemaak in baie van sy leerders se harte en lewens. Ons wil spesiaal baie sterkte sê aan mev. Anel Olivier. Ons dink spesiaal aan haar en haar familie in die tyd. Ons dra jul op in ons gebede en weet dat die Vader vertroosting sal bring in die moeilike en hartseer tyd. Mnr. Jandré sal altyd in ons harte en gedagtes bly voortleef.

SKOOLTYE

Die skool open op Dinsdag 9 Julie 2019 met dag 3 op die skoolrooster. Die skooltye is as volg: Maandae tot Vrydae 07:30 – 14:00.

MAARTTOETSREEKS / JUNIE-EKSAMEN 2020

Hiermee kennis dat ons volgende jaar gedurende die Maarttoetsreeks en Junie-eksamen tot op die laaste dag van skoolsluiting gaan eksamen skryf. Ouers moet asseblief vroegtydig van die reëling kennis neem.

INTERVENSIEKLASSE / ONDERSTEUNINGSKLASSE

Intervensieklasse word op Dinsdae en Donderdae aangebied van 14:00 – 14:45.

- Dinsdae sal die ondersteuningsklasse aan vakgroepe aangebied word en die onderwyser sal die leerders betyds hiervan in kennis stel.
- Donderdae is vir individuele ondersteuning. Opvoeders sal leerders identifiseer en leerders uitnooi om die ondersteuningsklasse by te woon.
- Dit staan leerders ook vry om self afsprake met opvoeders te maak.

Ons versoek leerders en ouers om bogenoemde reëling as ‘n geleentheid tot groei te sien en u samewerking in die verband te gee.

N. Pelser

WINTERSKOOL

Ons jaarlikse Winterskool word vanjaar 11-13 Junie 2019 aangebied. Ons fokus weer op die kernvakke Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap en Rekeningkunde.

Die Gr.11-en 12-leerders is vanjaar genooi en ons wil spesiaal dankie-sê vir elke leerder wat die Winterskool bywoon. Ons glo dat elke leerder wat die Winterskool bywoon, waarde daaruit sal kry en vorentoe die vrugte gaan pluk.

L.Brown

BONANGO TRADERS - GRAAD 9

Op Donderdag, 11 Julie 2019, sal al die graad 9 EBW-leerders ‘n Bonango Traders-werkswinkel in die saal bywoon. Hierdie gesimuleerde besigheidsprogram word elke jaar deur Johannesburg School of Finance aangebied. Leerders word deur ‘n prettige simulasie van entrepreneurskap geneem.

L.Brown

AKADEMIESE-OUERAAND

Die akademiese oueraand vind Dinsdag 16 Julie 2019 vanaf 17:00 - 20:00 plaas. U sal teen 14 Junie 2019 u uitnodigingsbriefie ontvang. Daarna moet u dit aan me. Brown terugstuur met die afspraaktyd - asseblief nie later as Woensdag 10 Julie 2019 nie. Enige ouer wat met ‘n onderwyser ‘n afspraak verlang (en nie ‘n uitnodiging ontvang het nie), is welkom om die uitnodigingsbriefie by me. Brown te laat afhaal en voor Woensdag 10 Julie 2019 terug te stuur.

L.Brown

WISKUNDE EN WISKUNDIGE GELETTERDHEID

10 leerders dring deur en neem deel aan die tweede rondte van die Wiskunde Olimpiade.
3 leerders neem deel aan die Wiskundige Geletterdheid Olimpiade.
Yvette Boshoff en Michael Conradie neem deel aan die aanlyn Netwerk 24 Wiskunde kompetisie.
Geen uitslae is nog ontvang nie.

A. Jooste

OUERKOMITEE

Baie dankie aan hierdie spesiale groep ouers wat net altyd bereid is om te help! Dankie vir jul harde werk, tyd en opoffering! Ons het groot waardering vir als wat jul vir ons skool doen en beteken. Spesiale dank ook aan mevv. Boshoff en Tipps wat voorvat by die ouerkomitee.

E. Berndt

ADMATHS

Vanjaar is daar 9 leerders wat Admaths as ekstra vak neem. Hulle het in Mei die eerste semester-eksamen afgelê en ons wag nog vir die resultate. Dit is gevorderde Wiskunde bo hul graadvlak en kos harde werk om suksesvol te wees. Ons is trots op elkeen van hulle wat hiermee belê in hul toekoms in die akademie.

R. Mouton

REDENAARS

Die volgende 4 sprekers het op 13 April deelgeneem aan die eerste ATKV-redenaarskompetisie op Oudtshoorn. Onvoorbereide toesprake is gelewer deur Maret en Inge Swart. Die voorbereide toesprake is gelewer deur Nina Houterman en Yvette Boshoff. Al vier hierdie leerders het deurgedring na die volgende rondte. Baie geluk met hierdie uitstekende prestasie. Hulle het op 24 Mei 2019 deelgeneem aan die semi-finale ATKV-kompetisie op George. Geen uitslae is nog ontvang nie.

ATKV-JEUGBERAAD

Simphiwe Johnson, Moesha Mtila en Simanye Flathela gaan gedurende die vakansie die ATKV-Jeugberaad by Goudini bywoon. Ons hoop julle geniet elke oomblik!

VRL- EN MATRIEKRAAD

Daar word elke oggend 2 vlae gehys. Die Matriekraad het ook vir die onderwysers ‘n heerlike en gesellige kuier op die Matriektrappe gereël. Daar is ook ‘n winterbal aangebied. Die dansers het hierdie bal baie geniet.

AFRIKAANS

Die matrieks het die kwartaal die geleentheid gehad om die volgende akademiese geleenthede by te woon:

1. Emile Minnie het ‘n musikale konsert aangebied waar die matriekgedigte getoonset en vrolik gesing is.

2. Hul voorgeskrewe - roman, Onderwêreld, is deur professionele kunstenaars op die planke gebring. Hul het dit baie leersaam gevind en geniet.

DIRIGENTE
Baie geluk aan die volgende Interskole-dirigente wat reeds verkies is. Ons sien uit om saam met hul gees te bou, in die oploop na Interskole: Ammezine Jansen, Jenovan Windvogel, Keanu October, Mia Groenewald, Maret Swart en Maria Gugel.

TOUTREK
Daar is nie in die tweede en derde kwartale skooltoutrek nie. Die leerders wat wel wil toutrek, skakel in by die senior-toutrek. Leerders wat by die Seniors toutrek, moet net onthou dat hul skoolsport voorkeur kry bo Senior-toutrek.

C. Theron

RUGBY
Al die eerstespanne was vanaf 25 tot 27 April na George en Mosselbaai toe vir ‘n spanbou toer. Een uit die twee wedstryde is gewen. Dit was egter ‘n goeie geleentheid vir die spelers om te groei as span. Die res van die seisoen was goed, met gemengde uitslae vir al 3 ons rugbyspanne. Daar was beslis oomblikke waar die spelers goeie uithouvermoë getoon het. Ons vra dat al die spelers toegewyd sal bly tot aan die einde van die seisoen.

TONEEL
Baie dankie aan die nege kinders wat so getrou was by die toneeloefeninge . Die twee opvoerings wat ons gehou het, het suksesvol verloop. Dit was wonderlik om te sien hoe elkeen van hulle gegroei het, in selfvertroue en toneelspel, deur die vier weke wat ons geoefen het. Dit was die kortste tyd waarin ons nog ‘n toneel ingeoefen het.

BUITELUGFLIEK
Vrydag 24 Mei 2019 is die 2de amptelike buitelugfliek gehou en dit was die inwyding van ons nuwe skerm. Dit verbly my hart om te sien dat daar soveel families was wat kom kyk het; dit is immers wat ons graag wil hê. Dankie aan almal wat daar was en diegene wat gehelp het met die opruim na die tyd. Dankie aan SWD Tech dat hulle weer vir ons hul projektor geleen het. Die volgende flliek word gehou op 2 Oktober, na die Matriek vs Res se wedstryde.

E. Cornelissen

YORK - SPORTTOER
Al ons eerstespanne, met hul afrigter was op ‘n sporttoer vanaf 25 April tot 27 April. Ons het lank voor die tyd begin geld insamel en lootjies verkoop om dit te kon moontlik maak.
Die doel was om ‘n samehorigheid by ons eerstespanne te kon kweek en ‘n geleentheid te bied waarna eerstespanne kon uitsien. Ons het gespeel teen York High, Outeniqua, P.W. Botha en Curro Mosselbaai. Spel was kompeterend en ons deelname suksesvol. Ons het by die N.G. Kerk Jeugsentrum op Hartenbos gebly. Daar was ook genoeg ontspanningstyd vir braai, uiteet, swem in die warmswembad en “ten pin bowling”. Die leerders het dit baie geniet en wil baie graag hê dat ons dit ‘n jaarlikse instelling moet maak. Dit was beslis ‘n groot sukses. Ons sal dit graag weer wil doen.
Ons bedank die volgende **borge** en wens die **wenners** van die onderskeie pryse geluk!

BORGE:	**WENNERS:**
1. Aloe Ridge (2 nagte)	Robin de Koker
2. Elianthe gastehuis (2 nagte)	Gert Claassen
3. Aan de Heuvel (2 nagte)	André Cronje
4. Halwe skaap	H. Smal
5. Rain geskenkpak	J. Watson
6. Wyn (Gian Groenewald)	K. Seconna

S. Weichelt

VSCV
Aan die begin van die kwartaal was ons bevoorreg genoeg om die span van TMT by ons te verwelkom. Die studente het die leerders elke dag toegerus met gereedskap om die lewe aan te pak met die hulp van die Here. Die leerders het geestelik gegroei in hierdie tydperk en ons is opgewonde om hulle volgende jaar

weer te verwelkom. Daar is 30 Mei ‘n koffiekroeg aangebied. Hier kon die leerders ontspan en ‘n boodskap saam met hulle neem wat op ‘n kreatiewe wyse deur ds. Nico aan hulle gelewer is. Hou die kwartaalbeplanning vir kwartaal 3 dop om nie die volgende Koffiekroeg mis te loop nie!

INTERACT KLUB

Die Interact klub het verskeie projekte hierdie kwartaal aangepak. Die grootste projek was die sopkombuis wat op 17 Mei plaasgevind het. Leerders het die Hoofstraat van Swellendam ingevaar en sop met groot glimlagte uitgedeel. Ons wil net baie dankie sê aan mev. Sonja Tipps vir die hulp met die maak en uitdeel van die sop.

Alice Mbatyazwa en Sakeena Titus gaan ons klub van 16 tot 22 Junie verteenwoordig by die Adventure Into Citizenship-kamp in Kaapstad saam met ander Interact klubleerders van reg oor Suid-Afrika. Hul gaan onder andere die Parlement, Kaapstad se Hooggeregshof, die Universiteit van die Wes-Kaap en die Kaapstad Hart Museum besoek. Baie sterkte julle en geniet elke oomblik! Baie dankie aan Swellendam Rotary Klub wat jaarliks twee van ons Interact lede se inskrywingsfooie na die kamp borg. Ons waardeer dit opreg!

Volgende kwartaal sal daar ‘n nuwe leier verkies word. ‘n Spesiale woord van dank aan Maria Gugel wat hierdie groep gelei het vanjaar. Dankie dat jy altyd so goed voorbereid was en met ‘n helpende hand lewens in Swellendam aangeraak het. Ons gaan jou sterk leiding en entoesiasme baie mis!

M van Zyl

NETBAL

Die netbalspelers begin die kwartaal oorgehaal nadat hul die kliniek bygewoon het wat deur oud Protea-spelers, Erin Burger en Patrys van der Merwe aangebied is. Ons skop af met die Bellville-sportdag waar al ons spanne baie goed vaar. Liga-wedstryde gespeel sluit in Bonnievale, Overberg en Montagu waar ons uitstekend vaar! Ons eerstespan toer ook na York, wat ‘n heerlike spanbou-geleentheid is en waar hul ook goed vaar! Ons speel ‘n vriendskaplike wedstryd teen Swellendam Senior Sekondêr en neem ook aan die Top schools in Caledon deel. Ons vaar baie goed in al drie ouderdomsgroepe.

By die Overberg-proewe word die volgende spelers gekies om aan die eerste rondte Wes-Kaapproewe, op Moorreesburg, deel te neem: Hulle is:

O/17: Amber Witbooi, Cornel Matthysen en Chanelle van Antwerpen

O/16: Annelize Jacobs, Suné Manho, Zené Jacobs, Chaunté Jacobs, Thimna Gaqa

O/14: Ashwene Pieterse, Liezel Groenewald en Roché October

Hier word Amber Witbooi, Annelize Jacobs en Ashwene Pieterse gekies om aan die finale rondte Wes-Kaapproewe deel te neem.

Ons is baie trots op ons twee Wes-Kaapspelers - Amber Witbooi en Annelize Jacobs – hul neem in die vakansie deel aan die All ages toernooi in Boksburg. Hierdie is werklik ‘n uitsonderlike prestasie!

Ons is ook trots op die ses spelers wat gekies is vir die Overbergspanne wat in die vakansie aan die inter-distrikte toernooi in Wellington deelneem. Baie geluk aan Cornel Matthysen en Chanelle van Antwerpen (O/17); Zené Jacobs (O/16) Ashwene Pieterse, Liezel Groenewald en Roché October (O/14).

Baie geluk aan al hierdie spelers wat ons skool gaan verteenwoordig. Mag dit ‘n heerlike ondervinding wees en jul verryk terugkeer. Baie dankie ook aan elke speler wat getrou kom oefen en netbal vir ons lekker maak!

SKOLE KOOK

Vier van ons leerders het die wonderlike geleentheid gehad om aan die VIA SKOLE KOOK- kompetisie deel te neem. Dit was voorwaar ‘n heerlike ondervinding**. Emily Gugel, Mia Groenewald, Maria Gugel en Ruan Enslin** het ons skool trots gemaak! Hul opdrag was dat hul vis en pak choi moes gebruik. Hul moes hul gereg so kies dat hul ook al die borge insluit – die borge was Tru Cape, Deeghuys, Nulaid eiers, Bio-Wheat meel, Ceder Mountain Olywe en Willow Creek olies. Heelwat kopkrap het ingegaan om hierdie produkte alles te gebruik en steeds ‘n vyfstergereg voor te berei! Op die dag het hul ook ‘n onbekende bestanddeel gekry wat hul moes gebruik. Dit was Appel Schesuan peperkors. Dit het hul eers in die kombuis gekry en niemand kon toe meer help met idees nie. Hierdie kokke het op hul voete gedink en hierdie bestanddeel baie slim geïnkorporeer! Hulle het hul regtig uitstekend van hul taak gekwyt. Nie net was hul spyskaarte besonders nie, hul geregte was ook onoortreflik! Op die dag was die span van Emily en Mia die wenners. Baie geluk! Ons nooi almal van julle uit om hul op TV dop te hou. Dit word in Augustus uitgesaai, aangesien die Gauteng-skole eers na die vakansie kook. Ons hou styf duimvas dat jul weer in die finale gaan “uitkook”!

Ek is baie trots op hierdie leerders wat hierdie stresvolle uitdaging aangepak het en met soveel selfvertroue uitgevoer het. Dankie dat jul getrou kom oefen het; dat jul by jul bedrywige program dit ingepas het om al die ekstra tegnieke aan te leer. Ons sien met verwagting uit na die program.

Baie dankie ook aan Danitsa Badenhorst wat hul leer pasta maak het en haar kennis en tyd gedeel het. Groot dank ook aan Susan Jacobs vir die aanleer van Macaroons, Francois du Randt vir die leer om steak gaar te maak en Elna de Jager wat aan die filmspan en aanbieders ‘n ietsie van Swellendam gebied het. Hierdie 4 leerders was ware ambassadeurs vir ons skool! Ons is trots op julle!

C le Roux

INTERSKOLE

Dit is weer sulke tyd op **17 Augustus**. Riversdal is hierdie jaar ons gaste op eie bodem. Ons nooi almal uit om hierdie geleentheid saam met ons te kom geniet en ons sportspanne te kom ondersteun. Dit belowe om ‘n gesellige kuierdag te wees. Hou die datum oop!

S. Weichelt

ROLBAL

Alhoewel rolbaloefening hoofsaaklik in die somer plaasvind, het ons tog, waar moontlik, Dinsdae geoefen. Daar word al meer geleenthede geskep vir ons leerders om deel te neem.
Op 11 Mei het vier spelers – Pieter Marais & Ruben Lubbe (LS Swellendam) en Brandon Hains & Marelize Joubert deelgeneem aan die Boland Junior-Pare. Pieter en Ruben het puik gespeel en hul seksie gewen. Daarna moes hul nog ‘n 4de rondte-wedstryd op Barrydale, onder spreiligte, speel. Hul het van die oggend tot 21:00 gespeel. Ongelukkig het hul teen Barrydale - wat in die finale ‘n week later gewen het - verloor. Ons is egter baie trots op Pieter en Ruben!
Op Saterdag, 25 Mei 2019, het Pieter en Ruben ook deelgeneem aan die Swellendam Rolbalklub se Beginner Enkels. Pieter het 2 uit 3 wedstryde gewen en een met slegs 1 punt verloor. Ruben, wat slegs 11 jaar oud is, het ook 2 uit sy 3 wedstryde gewen. Dit wil gedoen wees en toon hoe ons jong spelers verbeter! Komende vakansie gaan Pieter Marais saam met 2 ander jong spelers van ander klubs, op 22 - 23 Junie 2019, deelneem aan die Oudsthoorn Jeugtoernooi. Ons wens hom alles van die beste toe!

L. Brown

SKAAK

Jeffline Dagala, Amy Pekeur en Franco Philander word opgeneem in die Overberg skaakspan wat aan die Wes-Kaap proewe in Kuilsrivier gaan deelneem het. Nie een word verder gekies vir die provinsiale span nie, maar hul doen goeie ondervinding op, teen sterk spelers uit alle streke van die Wes-Kaap.
Die skoolspan, onder leiding van Gabriël Francke as kaptein, speel vriendskaplike wedstryde teen Bonnievale en Montagu en klop beide van hierdie buurskole oortuigend. Baie geluk julle! Die span is hard besig om te oefen en posisies uit te sorteer vir vanjaar se Interskole-span.

R. Mouton

VOORTREKKERS

Gedurende die eerste kwartaal het die klem geval op buitelugaktiwiteite en die natuur, maar in die 2de kwartaal is daar meer gefokus op binnenshuise aktiwiteite en die aanleer van vaardighede. Ons het baie min tyd tot ons beskikking gehad vir Voortrekkers, weens die baie tyd wat sport en ekstra Wiskunde-klasse opgeneem het.
Buitelugaktiwiteite van die Voortrekkers, soos kamp, vereis baie keer kennis van verskillende knope. Hierdie vaardigheid is opgeskerp sodat die Voortrekkers die nodige kundigheid het as hulle die Gebiedskampe bywoon.
As kultuurorganisasie vir die jeug, is dit belangrik vir die Voortrekkers om tred te hou met tegnologie. Sosiale media speel ‘n baie belangrike rol in die lewe van ‘n Hoërskoolleerder. Daarom is daar tydens ‘n spesifieke byeenkoms in diepte ingegaan ten opsigte van die gevare van sosiale media.
Ons was ook bevoorreg om vir Cornel Brink, oudleerder van Hoërskool Swellendam, wat opleiding as Butler ontvang het, vir ons ‘n aanbieding te doen oor etiket en tafelmaniere. Hy het ook ‘n demonstrasie gelewer oor die verskillende wyses waarop eiers voorberei kan word.
Swellendam Kommando is ook deur die Interdenominational Church uitgenooi om saam met hulle ‘n erediens by te woon. Pastoor Brian John het baie moeite gedoen om die jeug te betrek by die diens en het ook uit sy pad gegaan om die preek op die kinders se vlak aan te bied. Baie dankie aan Jazlynn van Heerden en Jan-Hendrik Engelbrecht wat die Hoërskool Voortrekkers by hierdie geleentheid verteenwoordig het.

Weens die vervroegde eksamen van die Hoërskool, is die jaarlikse Inlywing van nuwe lede uitgestel na Dinsdagaand, 11 Junie. By hierdie geleentheid word daar gefokus op Afrikaanse gedigte en word die nuwe Voortrekkers op luisterryke wyse ingelyf.
Baie groot dank aan die Voortrekkers in die Hoërskool wat dit regkry om onder groot druk van sport en akademie, tyd te maak vir hierdie belangrike kulturele aktiwiteit. Hierdie besige kwartaal het baie eise gestel. ‘n Bergklimuitstappie en ‘n besoek aan die plaaslike hospitaal se noodgevalle eenheid moes afgestel word weens al die ander skoolaktiwiteite.
Paul en Jacques Jordaan gaan vanaf 30 Junie tot 5 Julie die opwindende Winter Waterwerkkamp by die Theewaterskloofdam bywoon. Op die kamp spesialiseer hulle in roeikunde, waterdierelewe, weerverskynsels, help om ‘n weerstasie op te rig, watersuiwering en lewensredding. Mag dit ‘n ongelooflike ervaring wees.

A Streicher

SKOOLFONDS
Hiermee wil ons alle ouers bedank wat reeds die volle jaar se skoolfooi betaal het asook die ouers wie se rekening tot op datum verffen is.

UITSTAANDE SKOOLGELD – 2DE KWARTAAL 2019
Die Beheerliggaam versoek dat ouers asseblief hul finansiële verantwoordelikheid teenoor die skool moet nakom en die skoolgelde vir die kwartaal op datum bring.
Dit is die beleid van die Beheerliggaam dat alle agterstallige skoolgelde aan die einde van elke kwartaal oorgegee sal word aan die skool se prokureurs vir invordering.
Oorhandiging van skoolgeld is ‘n onaangename proses wat ons liefs wil vermy.
HIERDIE SKRYWE DIEN AS AANMANING VIR DIE BETALING VAN U SKOOLGELDE!

KOSHUISGELDE
Alle koshuislosiesgelde is streng vooruitbetaalbaar. Ons het egter alle losiesgelde nodig om die koshuis glad te laat funksioneer. Baie dankie vir u, as koshuisouers, in die verband. Die koshuiskomitee wil alle ouers wat hul finansiële verpligtinge teenoor die koshuis nagekom het vir die eerste en tweede kwartaal, opreg bedank.

A. Olivier

DONASIES: HOËRSKOOL SWELLENDAM
Indien daar enige instansie of persone is wat ‘n donasie of skenking vir enige onderwysgerigte projek aan Hoërskool Swellendam wil maak, kan ‘n Artikel 18A-kwitansie gekry word wat deur die skool uitgereik word. Die SBL/skoolhoof kan genader word om uit te vind watter projekte vooraf deur die skool geïdentifiseer is. Skenkings of donasies word spesifiek vir hierdie projekte bekom en ‘n Artikel 18A-kwitansie kan namens die skool aan ‘n donateur uitgereik word waar die donateur belastingverligting kan kry. Indien u sou belangstel, of weet van ‘n instansie wat dalk sou belangstel om aan Hoërskool Swellendam ‘n donasie of skenking te maak, kan u die skool skakel om te verneem watter spesifieke projekte vir die toekoms beplan word.
Artikel 18A (1)(a) van die Inkomstebelastingwet 2000 (Wet 30/2000), soos gewysig deur die negende skedule van die Inkomstebelastingwet 2002 (Wet 30/2002), maak voorsiening dat daar aan alle openbare skole goedkeuring verleen word om donasie-kwitansies uit te reik wat, in die hande van die donateur, belastingaftrekbaar is.

N. Pelser

ADVERTISEMENT NOTICE BOARDS: SCHOOL AND SPORTS GROUNDS
We would like to put up more advertisement notice boards at the school and sports grounds. If there are any interested parties, parents or businesses, please feel free to contact mr Pelser.

N. Pelser

SPORTONDERSTEUNER-KUSSINKIES
Die kussinkies is by die finanskantoor teen R90 beskikbaar. Dit is werklik mooi. Sorg dat jy vir die wintersportseisoen een in die hande kry.

S. Weichelt

KLEREDRAG: VERSTELLING/ REGMAAK
Dit het onder ons aandag gekom dat daar leerders is wie se skooldrag herstelwerk of aandag nodig het. Indien u enige herstelwerk of verstelling wil aanbring, kan ons die volgende bekwame naaldwerkdames se inligting aan u deurgee.
Mev. Mavis Snyman 072 494 0918 of 079 181 7369
Mev. Ria Simons 028 5143739 of 082 771 2574
Skakel gerus vir enige naaldwerkhulp. Hul help graag.

MEDIKASIE BY SKOOL
Volgens wet mag die skool geen medikasie aan leerders verskaf nie. Let dus asseblief op dat geen Panados, naarpille, ensovoorts meer by die kantoor gekry kan word nie. Leerders moes asseblief hul eie medikasie/pille saambring en dit by hulle hou. Dit moet egter in verseëlde pakkies wees.

A Jooste

WEBBLADSY
Besoek gerus ons skool se webbladsy by www.hsswellendam.co.za. Daar is ‘n opgedateerde datumlys vir die res van 2019. Daar is ook heelwat ander interessante informasie asook foto’s ens. waarna u kan kyk. Dankie aan mev. Groenewald wat die webtuiste instand hou!

SCHOOL COMMUNICATOR
Ouers word versoek om toe te sien dat daar ten minste een “Communicator”-program in ‘n huishouding sal wees. Alle belangrike inligting word deurgaans daarop geplaas en u sal op hoogte wees van wat in die skool gebeur. Vir die “Communicator” het u slegs ‘n rekenaar met internet nodig of ‘n slimfoon.
Dit is maklik om die installeerder af te laai, indien u dit nog nie geïnstalleer het nie. U kan dit aflaai by School Communicator – webwerf: www.schoolcommunicator.com/downloads.
As u enige vrae het, of nie die program op u rekenaar of selfoon gelaai kry nie, kontak gerus vir mev. Marlene Groenewald by die skool en sy sal u met graagte help.

KLEREWINKEL EN KLEREBANK
Besoek gerus die skool se klerewinkel en klerebank. Die skool verkoop al die skool se skoolsportdrag. Maak gerus ‘n draai by mev. Olivier by die finansiële kantoor.

A. Olivier

OUD-LEERDERS EN SWELLENDAMMERS
Oud–Swellies is vir ons skool belangrik en ons is baie trots op hul vordering in die samelewing. Ons doen ‘n beroep op ouers en vriende van Hoërskool Swellendam om die skool oor enige prestasies, hoogtepunte, lief en leed in kennis te stel. U kan op verskeie maniere hierdie inligting aan ons deurgee:

- e-pos aan swellies@telkomsa.net
- besoek Hoërskool Swellendam se Facebook–blad
- per pos aan: Hoërskool Swellendam, Posbus 141, Swellendam, 6740
- skakel ons by 028 – 514 1361.